

## 14 Januarie Efesiërs 2:1-10, (Teks: 2:5,6 en 8a)

### *Die opstanding van Jesus maak 'n nuwe lewe 'n werklikheid*

In die betrokke Skrifgedeelte verkondig Paulus aan ons dat die opstanding van Jesus Christus 'n **nuwe lewe 'n werklikheid** maak.

In ons teksverse (verse 5 en 6) verneem ons dat God die Vader, op grond van sy groot liefde vir sondaarmense, vir óns wat dood was as gevolg van ons oortredinge, lewend gemaak het saam met Christus.

Ja in Christus het God die Vader ons saam met Hóm opgewek uit die dood en saam met Hom 'n plek in die hemel gegee!

Die **werklikheid** van hierdie **nuwe lewe** moet nou op tweërlei wyse in die **praktyk** tot openbaring kom:

God die Vader wil hê dat sy groot genade en goedheid wat Hy in Christus aan ons bewys

het, in óns lewens sigbaar moet word (vers 7); en God die Vader het vir ons 'n nuwe lewe gegee sodat ons goeie dae kan doen waartoe Hy ons bestem het (vers 10).

Hierdie nuwe lewe word 'n werklikheid in die lewe van elke uitverkore kind van God deur die **geloof**. Dit stel Paulus vir ons baie duidelik in ons laaste teksvers (vers 8a). Deur die geloof wat die Heilige Gees werk en gedurig versterk, word die blye evangelie van Jesus Christus se sterwe en opstanding en verheerliking ook waar in u en my lewe. Ken u die werklikheid van hierdie nuwe lewe in Jesus Christus? En wat word hiervan geopenbaar in u lewe? Leef ons dit prakties uit in hierdie wêreld elke dag, teenoor God en teenoor ons naaste?

As u hierop bevestigend kan antwoord, dan kan ons saam met Paulus dit in blydschap en dankbaarheid uitjubel.

Sing: Skrifberyming 24:7  
Wonderboom-Suid)

Ds. K. van Niekerk (Pretoria-